


# GOEDKOOP GENADE… SONDIG MET GEMAK?

**Ysbreker**

Dink julle God sal ons vergewe as ons vooraf weet ons gaan doelbewus sonde doen, en ons doen dit?

Het jy dit al in jou lewe gedoen, en wat was die impak daarvan op jou?

Wanneer dink jy maak ons genade goedkoop (cheap)?

## VIDEO

Kyk saam na **die video-snit uit What's so Amazing About Garce**

- Wat het jou aangegryp of wat pla jou oor hierdie getuienis?

## Opweg met die Woord:

(*net eers 'n bietjie agtergrond*: Romeine 6 op **Rom 3-5** waar Paulus praat oor redding en vryspraak uit genade, sonder verdienste – **Rom 3:21-22, 24, 4:5, 23-24, 5:1-2, 17, 20-21 –** lees gerus hierdie verse, dit help om die verband te verstaan)

Lees **Romeine 6:1-23**

- Wat het jou die meeste getref in die lees van die gedeelte?

- Paulus het 'n lang argument oor waarom ons nie meer sonde ***kan*** doen nie. Wat sê hy hieroor in:
    - **in v 2,**
    - **in v 4,**
    - **in v 6,**
    - **in v 7,**
    - **en in v 8-10**?

- Wat leer hierdie verse ons ook dus van **Vryheid**!! Wanneer is 'n mens dan werklik vry?

- Op die vraag of ons maar kan aanhou sonde doen, omdat die genade altyd daar sal wees, antwoord hy 2 x ***"Beslis nie!"*** (**v 2, 15**). Lees in You Version hoe 'n paar ander vertalings dit stel. Watter afleiding kan julle daarom daaroor maak.

- Beteken genade dat ons maar kan sondig, omdat God ons maar net keer en keer sal vergewe? As deel van julle antwoord, wat dink julle het dit God gekos om ons sonde te vergewe? Is dit dalk ook 'n rede waarom genade nie goedkoop kan wees nie?

- **Paulus se argument loop min of meer soos volg**:

    - **Aan die een kant (v 1-11) - *indikatief***: Christus het gesterf vir ons sonde. As ons in Hom glo, dan is dit ook ons oortuiging dat ons saam met Hom gesterf het vir sonde en daarom dus dood is vir die mag, invloed van sonde op ons lewens. Die feit dat Hy opgestaan het, is 'n bewys vir ons dat oorwinning oor sonde moontlik is.
    - **Aan die ander kant (v 12-23) - *imperatief***: Daar is tog goed wat ons doelbewus elke dag kan doen om die mag en houvas van sonde op ons lewens te breek, of in ander woorde om genade vir ons oop te breek. Wat is hierdie sake volgens die volgende verse?
        - **v 12**
        - **v 13**
        - **v 16-18**
        - **v 23?**

**'n Moeilike saak**: (What is so Amazing about Grace)

"Grace is a gift. And the only way to receive a gift is to open your hands. If your hands are closed tight – the plain fact is that God's grace cannot help you."

**Vergiffenis implisser altyd berou en skuldbelydenis**. Hoekom is dit vir ons so moeilik om vergiffenis te vra? Wat leer **1 Joh 1:7-9** hieroor?

**VIR 'N DIEPER KYK NA JOUSELF :**

- **Is daar iemand in my lewe wat nodig het dat ek in genade reageer teenoor hul doelbewuste en volhardende sonde? Wat lê die Gees op my hart?**
- **Is daar doelbewuste sonde in my lewe wat besig is om my dood te maak en my wegtrek van God se liefde? Watter besluit neem ek vandag hieroor?**
- **Bid vir moed en vertroue in die Here om die sonde in jou en ander se lewe met genade te hanteer.**